# EK BENODIG MY BELASTINGNOMMER

Indien jy jou belastingnommer vergeet het, kan jy dit by SARS aanvra op verskeie maniere:

- Jy kan dit op eFiling bekom, indien jy 'n geregistreerde eFiler is. Al wat jy hoef te doen is om aan te teken en jou nommer na te gaan.
- Jy kan ook jou kennisgewing van registrasie aanvra deur die MobiApp indien jy 'n geregistreerde eFiler is.
- eFiling is opgedateer om belastingpligtiges in staat te stel om die kennisgewing van registrasie (IT150) aan te vra onder die 'SARS Registered Details' kieslysopsie.
- By 'n SARS-tak. Onthou om 'n afspraak te maak voordat jy 'n tak besoek.

**Top wenk:**
SARS sal nie jou belastingnommer aan 'n ander persoon verskaf nie, tensy die persoon jou belastingpraktisyn is of volmag het om jou belastingsake te hanteer.